

**29 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 60 (OAV)**

### **Die Godstad, Jerusalem**

“Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van die Here gaan oor jou op”. Met verwondering luister ons na die heerlike toekoms van die verbondsvolk van die Here soos uitgebeeld in die toekoms van Jerusalem. Die visioen wat Johannes op Patmos van die nuwe Jerusalem gesien het, kom in die gedagte op. Dit is profetiese woorde ook vir die kerk van die Here Jesus Christus na sy koms en in die heerlike hiernamaals. Drie hoofpunte tref die leser in hierdie hoofstuk. (1) Die lig wat kom; (2) die verheerliking van die stad; (3) die Here self woon in die stad wat bevolk word deur die regverdiges. Soos die dagbreek in die Oosterse lande, sonder ‘n lang oggendskemering, skielik aanbreek, so word hierdie pragtige stad meteens oorstrom deur die volle stroom van lig wat van God se aangesig afstraal. Dis in skille kontras met die duisternis wat die aarde oordek. Die heerlijkheid word geteken as komende van die Ooste: “n Menigte kamele sal jou oordek, die jong kamele van Midian en Efa; hulle sal almal uit Skeba kom; hulle bring goud en wierook en verkondig met blydschap die roemryke dae van die HERE: ...En komende van die Weste: “...die skepe van Tarsis (Spanje) kom vooraan ... Hul silwer en hul goud is by hulle...” Watter wonderlike genade erf ons as gelowiges! Die hele aarde is deur Jesus ons erfnis. Daarom: “Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang!” (Matt 5:5)

*Sing: Psalm 122:1,2*

*Ds FJ du T Lessing (Emeritus)*